

Numeri: Voorbeelde en waarskuwings vir ons (OP34)

Num 1:1-4

28 Maart 2021

Vandag wil ek graag begin met 'n nuwe reeks. In die reeks wil ek die boek Numeri hanteer. Hoekom juis Numeri? Dit is tog so dat as ons eerlik is, is Numeri nie die boek in die Bybel wat ons met opgewondenheid vul nie. En selfs al sou jy met groot entoesiasme kom om die boek te bestudeer, teen die einde van hoofstuk 1, nadat jy deur 'n lang lys van stamhoofde met onbekende name geworstel het, gevolg deur die detail resultate van 'n sensusopname van die volk, is jou entoesiasme waarskynlik al ietwat gedemp. Die feit dat daar later in die boek meer lyste en selfs 'n tweede sensusopname is, help ook nie juis om weer entoesiastiese te raak nie.

Oor die afgelope paar jaar het ek in my persoonlike Bybelstudie twee keer deur die boek Numeri gewerk, en beide kere het ek onder die indruk gekom dat hierdie woestyntog van die Israëliete tot 'n groot mate ooreenstem met die lewe van 'n gelowige. Laat ek direk byvoeg die kommentaar deur James Philip het baie bygedra om my belangstelling te prikkel. Wat ook gebeur het, was dat my mees onlangse lees van die boek Numeri, oorvleuel het met die reeks preke uit Openbaring. En dit was opvallend hoe baie ooreenkomste daar is tussen die twee boeke. Ek hoop om iets van daardie ooreenkomste bietjie later uit te wys, maar ook soos wat ons deur die boek vorder.

Vandag gaan ek grotendeels inleidend oor die boek Numeri praat. Daar is baie debat oor die struktuur van die boek Numeri onder kommentatore. Ek wil nie op al die detail ingaan nie. Maar tot 'n groot mate kan ons 'n goeie geheelbeeld van die boek vorm deur dit op te deel in drie dele:

- In die eerste deel is die volk steeds by Sinai. Hier word die eerste sensusopname gehou, en verskeie reëlins en voorskrifte gegee oor sake soos orde in die kamp en die ampspligte van die Leviëte. Die word vir ons beskryf in Num 1:1-10:10.
- In die tweede deel trek die volk weg van Sinai af, op pad na die beloofde land. Maar gou is daar 'n gemurmureer onder die volk. As hulle by Kades Barnea kom, stuur hulle verkenneers in Kanaän in om die land te verken. Daarna is daar al die gebeure rondom die besluit om nie die land in te neem nie, en die Here wat verklaar dat die hele eerste geslag wat uit Egipte getrek het, in die woestyn sal sterf. Almal sterf, behalwe Josua en Kaleb, selfs Miriam, Aäron en Moses. Hierdie deel eindig as die volk eventueel, na 38 jaar, op die Moabsvlakte kom – op die punt om wel die beloofde land in te neem. Dit word beskryf in Num 10:11-21:35.
- Die derde deel beskryf die gebeure op die Moabsvlakte. Hier lees ons van die gebeure van Bileam en Balak, verskeie offerreëlins, hoe die land verdeel moet word as hulle daar is, en ook van die tweede sensusopname. Dit word beskryf in Num 22:1-36:13.

Uit hierdie kort opsomming van die boek is dit alreeds duidelik dat die boek uiteenlopende tipes literatuur (d.w.s. genres) bevat. Daar is ten minste 4 tipes literatuur: Narratiewe (geskiedenisbeskrywings), wette (voorskrifte), administratiewe beskrywings (byvoorbeeld die sensusopnames) en ook uitsprake (byvoorbeeld Bileam se uitsprake). Die narratiewe vorm egter die ruggraat van die boek, terwyl die wetlike voorskrifte, administratiewe beskrywings en uitsprake teen die agtergrond van die narratiewe gebeur en dit aanvul.

Num 1:1

Lees Num 1:1. Die boek begin met die stelling dat die Here met Moses gepraat het. Hierdie stelling van wat praat, kom op een of ander manier meer as 150 keer voor in die boek. Duidelik is die Here

aktief betrokke by wat in hierdie boek beskryf word, en soos ons sal sien is die Here die Een wat in beheer is en die gebeure gebruik vir Sy doel. Ons sou kon sê dat dit verder bevestiging is dat hierdie boek, soos die res van die Skrif, deur die Here geïnspireer is.

Ons sal in Numeri ook dikwels die volk hoor praat. Maar as hulle praat is dit anders as wanneer die Here praat. Hulle is gewoonlik aan die murmureer oor verskeie onderwerpe – hulle kla oor kos, water, hulle bevraagteken die posisie van Moses, hulle is nie geneë om die beloofde land in te trek nie, ensovoorts. Daarteenoor, wanneer die Here praat, onderrig Hy hulle oor wat Hy wil hê hulle moet doen, of Hy praat met hulle oor hulle gedrag, wys hulle tereg of kondig selfs oordeel aan. Die Here werk konstruktief. Maar ongelukkig kan ons nie dieselfde van die volk sê nie.

Ek lees iemand het die feit dat die Here in en deur hierdie boek praat soos volg opgesom: Die feit dat die Here met die volk praat, is genade. Die feit dat die Here aanhou om met die volk te praat ten spyte van hulle verwyte, onwilligheid en sondes, is 'n misterie. Die feit dat die Here deur hierdie boek, selfs eeue later, met mense soos ons praat, is eenvoudig 'n wonder! Natuurlik is dit waar van meer as net die boek Numeri. Die feit dat die Here 'n skepping daargestel het as woonplek vir mense, en dat Sy doel met hierdie skepping is dat Hy Homself wil bekend maak deur die skepping, en ook deur Sy spesifieke openbaring in die Woord, insluitende Numeri, is genade. Dat die Here hiermee volhou ten spyte van die sondes van die mensdom is 'n misterie, en dat ons deel kan hê hieraan is 'n wonder.

Die Here praat in hierdie boek met die volk deur Moses. Dit is natuurlik die gevolg van die feit dat toe die Here kort voor die begin van die boek Numeri, die wet aan die volk gegee het op die berg Sinai toe die Here in Sy heerlijkheid na die berg neergedaal het, was die volk so bang dat hulle gevra het die Here moet eerder met Moses praat, en Moses dan weer met hulle. Die Here het dit so goedgevind, en dit is nou wat hier gebeur.

Die Here praat met Moses in die tent van ontmoeting. Hierdie tent van ontmoeting is natuurlik die tabernakel. Kort voor die begin van die boek, terwyl die volk alreeds hier by Sinai was, het die Here nie net vir hulle die wet gegee nie, maar ook aan hulle die opdrag gegee om die tabernakel te bou. Ons het al verskeie kere oor die tabernakel gepraat – dit is die simbool dat die Here onder die volk woon, ons het al verwys na die Allerheiligste as die aardse voetbank van die Here se troon. Dit maak dus sin dat dit juis hier is wat die Here met Moses praat. Hierdie tent is die skakel tussen die Here en die mense.

En lees ons in vers 1, die boek begin in die Sinaiwoestyn. Ons lees hoofstuk 1 begin op die eerste dag van die tweede maand in die tweede jaar na Israel uit Egipte verlos is – m.a.w. hierdie hoofstuk begin 13 maande nadat die volk uit Egipte verlos is. Alhoewel die boek se vertelling min of meer chronologies verloop, is dit nie 100% chronologies nie. Kyk byvoorbeeld na Num 9:1 – hier word gepraat van die eerste maand van die tweede jaar na die uittog uit Egipte – dit was dus in die maand voor die gebeure in hoofstuk 1. Dit suggereer die boek se doel is nie soseer om 'n chronologiese vertelling van geskiedenisgebeure te gee nie, maar dat daar 'n groter boodskap is wat die boek wil oordra. Ek hoop dit sal duidelik word soos wat ons met die boek vorder.

Wat belangrik is om te onthou, is waar die boek inpas in die ontvouende Openbaringsgeskiedenis van die Bybel. Genesis het ons geleer van die skepping, die sondeval en die Here se verbond met Abraham. In Eksodus het ons geleer hoedat Abraham se nageslag 'n groot nasie geword het in Egipte, en hoedat die Here hulle na die 10 plae uit Egipte gelei het – op pad na die beloofde land. Na 'n kort trek het hulle by Sinai gekom, waar die Here aan hulle Sy wet gegee het, en die opdrag om die tabernakel te bou – dit is sopas afgehandel. Hier het hulle ook al die voorskrifte ontvang wat in

Levitikus beskryf is. Die boek Numeri beskryf die verdere gebeure met hierdie verlore volk van die Here: voorbereiding vir die vertrek vanaf Sinai, hulle tog deur die woestyn met al die verwickelinge wat daarmee saamloop, tot hulle op die Moabsvlakte eindig, oos van die Jordaanrivier, op die punt om die beloofde land in besit te neem.

Nuwe Testamentiese perspektief op Numeri

‘n Mens sou die vraag kon vra: Wat is die nut van ‘n boek soos Numeri vir ons vandag? Is dit dan nie so dat ons die Nuwe Testament het wat vir ons op ‘n meer direkte manier verduidelik wat God van ons verwag nie? Hoekom moet ons byvoorbeeld tyd spandeer om ‘n goeie begrip te ontwikkel oor twee sensusopnames wat soveel jare terug gebeur het? Hoekom moet ons ons kop breek oor die gevolge van die opstandigheid onder die volk op pad na die beloofde land toe – immers het hulle tog eventueel die beloofde land bereik. Moet ons nou weer al die ou koeie uit die sloot gaan haal?

Lees 1 Kor 9:24-10:13. Kan ek ‘n paar opmerkings oor hierdie gedeelte maak:

- Paulus skryf aan die gemeente in Korinte, m.a.w. hy skryf aan gelowiges. In Kor 9:24-25 herinner hy hulle dat ons as gelowiges in ‘n wedloop is. Soos wat deelnemers aan ‘n wedloop hulleself sekere dinge ontsê om seker te maak dat hulle die oorwinningsprys aan die einde van die wedloop kan ontvang, so moet gelowiges hulleself ook inspan. In vers 27 sê Paulus selfs hy oefen sy liggaam om seker te maak dat hy nie ander oproep om die oorwinningsprys te ontvang nie, en dan self nie kwalifiseer vir die prys nie. Sy oproep is dus dat gelowiges moet deelneem aan die wedloop, en hulle inspan om die oorwinningsprys te behaal.
- In 1 Kor 10:1-2 herinner hy sy lesers dat hulle voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was, en veilig deur die see gegaan het. Hy verwys natuurlik na die uittoeg van die volk uit Egipte, die wolk wat hulle beskerm het, en die feit dat hulle almal veilig deur die Rooi See getrek het – dit is natuurlik in Eksodus beskryf.
- In vers 3 beskryf hy dat al hulle voorvaders van die geestelike voedsel geëet het. Dit verwys natuurlik na die manna wat God vir hulle gegee het op pad na Sinai toe, soos beskryf in Eks 16.
- Boonop sê hy in vers 4, al die voorvaders het ook gedrink van die geestelike drank uit ‘n geestelike rots. Dit verwys natuurlik na die geleentheid waar God deur Moses vir hulle water uit die rots gegee het. Daar was twee geleenthede waar dit gebeur het: Een keer was in Eks 17 op pad na Sinai, en die tweede keer is in Num 20, nadat die volk geweier het om die beloofde land in besit te neem. Paulus sê hierdie rots waaruit hulle die water ontvang het, is Christus. Ons weet dat die manna ook ‘n simbool was van Christus. Christus het immers geleer dat Hy die water en die brood van die lewe is. Maar, let op, wat hierdie verse sê is dat daar ‘n veel dieper betekenis in die gebeure destyds in die woestyn was, as net dat God fisiese brood en water voorsien het.
- In vers 5 lees ons die skokkende feit dat God met die meeste van hulle nie tevrede was nie, en die gevolg was dat hulle in die woestyn omgekom het – dit is natuurlik die boek Numeri wat dit vir ons beskryf. Ons sal sien dat die hele geslag, almal 20 jaar en ouer, wat uit Egipte getrek het, het in die woestyn gesterf, en nooit die beloofde land bereik nie. Trouens, slegs 2 het dit wel bereik: Josua en Kaleb. Ons moet die erns van hierdie stelling nie miskyk nie: Hulle is verlos uit Egipte – in Nuwe Testamentiese taal, hulle is verlos uit die sonde. Hulle het deur die Rooi See getrek – in Nuwe Testamentiese taal hulle is gedoop. Hulle het geëet en gedrink van die manna en die water uit die rots – in Nuwe Testamentiese taal hulle het deelgeneem aan die nagmaal. En tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie.

- En dan sê vers 6: Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons! Sodat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie. In vers 7-10 haal Paulus dan 'n paar voorbeelde aan van waar die volk hulle deur hulle sondige begeertes laat dryf het:
 - Vers 7: Hulle het hulle skuldig gemaak aan afgodsdienste – dink maar aan die goue kalf gebeure in Eks 32
 - Vers 8: Hulle het hulle oorgegee aan onsedelikheid – dink aan daardie gebeure in Numeri 25 waar die volk hulle oorgegee het aan onsedelikheid met die Moabitiese vrouens
 - Vers 9: Hulle het Christus uitgetart – dit verwys na die koperslang-insident toe die volk God verwyte het omdat Hy hulle uit Egipte laat trek het en hulle gekla het oor die slegte kos wat hulle moet eet (Num 21)
 - Vers 10: Hulle het teen God gemurmureer – waarskynlik 'n verwysing na die opstand van Korag, Datan en Abiram in Num 16.
- In vers 11 herhaal Paulus dan dat hierdie dinge gebeur het, as voorbeelde vir ons, en waarskuwings vir ons wat reeds die einde van die tyd beleef. Baie van hierdie voorbeelde is in die boek Numeri beskryf. Die gebeure in die boek Numeri is dus voorbeelde en waarskuwings aan ons wat die laaste dae beleef.
- Vers 12: Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Onthou, Paulus skryf aan 'n gemeente, aan gelowiges. Dit is gelowiges wat versigtig moet wees dat hulle nie dink hulle staan, en dan val nie. Onthou, ons moet ons inspan om daardie oorwinningsprys te behaal!
- Vers 13 maak twee belangrike punte: (1) Gelowiges kan verwag dat daar toetse gaan kom – en dit is hoekom hulle nie hierdie waarskuwings moet misluk nie. (2) Maar gelowiges kan ook weet dat God hulle nie bo hulle kragte sal versoek nie.

Verstaan jy Paulus se argument: Die volk was gered, het deur die Rooi See getrek, het geëet van die manna en gedrink van die water uit die rots – maar God was met die meeste nie tevrede nie. In Nuwe Testamentiese taal: Jy kan onder die indruk wees jy is gered, jy is immers deel van 'n gemeente, jy kan selfs gedoop wees, jy kan selfs deelneem aan die nagmaal – en dit kan wees dat God steeds nie met jou tevrede is nie. Jy kan selfs meen dat jy staan, dan moet jy oppas dat jy nie val nie. Die realiteit is verder dat God jou gaan toets – en wanneer die toetse kom, moet jy bly staan. Ja, genadiglik het ons die versekering dat God ons nie bo ons kragte sal versoek nie – maar jy gaan jou moet inspan om te bly staan. Dit is hier wat boeke soos Numeri inpas: hulle is vol voorbeelde en waarskuwings vir gelowiges in die laaste dae! Kyk waar het die Israëliete destyds gefaal, en maak seker jy faal nie op dieselfde manier nie. Dit is soortgelyk aan die boodskap in Hebreërs: Heb 11 beskryf vir ons talle voorbeelde van Ou Testamentiese gelowiges, en dan roep Heb 12:1 ons op: “Terwyl ons dan so 'n skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus”.

Dit is hoekom ons Numeri moet bestudeer. Numeri is 'n boek vir gelowiges op die pad van heiligmaking. Die pad van heiligmaking is soos die woestyntog van die volk – vol gevare, versoekings en dinge wat jou moedeloos wil maak. Maar aan die einde van hierdie pad lê die beloofde land, oftewel vir die gelowige, lê heiligmaking. Maar sonder heiligmaking, sal niemand daar kom nie. Daarom is dit so nuttig om 'n boek met voorbeelde en waarskuwings te mag bestudeer.

Ons verlustig ons dikwels in waarhede soos: Eenmaal gered, altyd gered. Of: 'n Gelowige kan nie weer uit die geloof val nie. Of: Wat God in ons begin het, sal Hy klaar maak. Ek is oortuig hierdie waarhede is waar, want die Bybel leer dit. Maar kom ons wees ook eerlik, ons kan in valse gerustheid leef. Ons kan dink ons is gered, terwyl ons nie werklik gered is nie. Ons kan weet van

Jesus, sonder om Hom werklik te ken. Selfs Paulus sê dat hy steeds sy liggaam geoefen het, sodat hy nie eendag ontnugter sou word deurdat hy dan uitvind hy het nooit gekwalifiseer nie.

Opsommend: In Numeri praat God deur Moses met Sy verlose volk. As Hy met hulle praat, berei Hy hulle in die eerste plek voor vir die woestyntog wat voorlê. Daarna vertrek hulle op die woestyntog. Baie bereik nooit die eindpunt nie. Maar God bereik wel die eindpunt met Sy volk, al is dit dan grootliks 'n nuwe geslag. En hulle kan aan die einde van die boek voorberei om einde ten laaste wel die beloofde land in te gaan.

Kan jy sien hoekom ek genoem het daar is ooreenkomste met Openbaring? Daar is dit ook God wat praat. Soos God in Numeri met die verlose volk praat, praat God in Openbaring met die sewe gemeentes, dus die kerk. Soos God die volk voorberei vir die tog deur die woestyn, begin God in Openbaring met briewe aan die sewe gemeentes om hulle te waarsku en voor te berei. Soos wat die volk in Numeri dan deur die woestyn trek, beskryf God in Openbaring aan die kerk wat hulle kan verwag op hulle reis deur die laaste dae met die oopmaak van die sewe seëls, die blaas van die sewe trompette, die uitgiet van die sewe bakke en die beskrywing van die bese magte wat agter dit alles aan die werk is. Aan die einde van Numeri, mag die volgende geslag op die Moabsvlakte op die punt staan om die beloofde land in te gaan. Aan die einde van Openbaring mag die wat die oorwinning behaal hulle verlustig in die komende nuwe Jerusalem wat op die punt staan om aan te breek.

Ek hoop dat dit ook duidelik is dat daardie siening dat die mense in die Ou Testament gered sou word deurdat hulle die wet suksesvol moes onderhou, die bal misslaan. Hulle was reeds deel van God se genadeverbond wat alleen gered kon word deur geloof in die komende Verlosser. Ons is besonder begenadig in die sin dat ons hulle as voorbeelde en waarskuwings mag hê. Ek vertrou dat jy met opgewondenheid sal deelneem aan hierdie studie van 'n boek wat as 'n reël nie baie gewild is nie – selfs as ons by daardie lyste van name en die uitslag van twee sensusopnames kom.

Mag ons elkeen die voorbeelde en waarskuwings in hierdie boek ernstig opneem.